imaadisaacsfoundation
education is not received, it is achieved

the tuition CLUB

BTG organisation
an affiliate of the imaadisaacsfoundation

SUGGESTED ANSWERS FOR VERSJOERNAAL ACTIVTIES WOONSTELBEWONER, VROU LANGS DIE PAD

NON PROFITABLE PUBLICATION

The Tuition Club
Resource printed from: http://www.nb.co.za/product/woonstelbewoner--versjoernaal--bl-----/6426/

Woonstelbewoner

1. In 'n woonstel.

2. Sy voel dat daar soveel negatiewe en steurende dinge om haar is, veral die TV langsaan, dat sy haar seëninge moet tel om net deur die dag te kan kom. Sy moet haarself positief probeer instel deur die besef dat sy tog nog baie het om voor dankbaar te wees.

3. Dit skep 'n hartseer, weemoedige stemming.

4. “welkom”

5. ’n Metafoor

6. a) Oksimoron

7. a) “beleg van my sinne”
   b) Die woord “beleg” dui op ’n toestand waar die spreker deur ’n vyand – hier die TV, afgesluit word. Die harde geluid van die bure se TV voer oorlog teen haar “sinne”, dus haar sintuie, selfs haar rede. Om van jou sinne beroof te wees, beteken om mal te wees.

8. Die “[g]esuis van verkeer op straat”; “[d]ie hartbreekroep van 'n inkblou voël”; “[d]ie klein klikgeluidjie by tussenpose/van my stoof wat my herinner/dat iets daarop prut”; die besef “dat die energieke dag/nou nag toe staan”.

The Tuition Club
Resource printed from: http://www.nb.co.za/product/woonstelbewoner--versjoernaal--bl-----/6426/

Vrou langs die pad

1. Die vrou se liggaam word met 'n “kardoes” (bruin papier) vergelyk.
2. 'n Tref-en-trap-ongeluk. 'n Motor het haar raakgery en weggejaag.
3. Die vrou se dood word “sagkens” gestel. Die spreker verwys na die dood as haar “laaste slaap”.
4. a) “aanstryk”
   b) busstop; taxistaanplek
   c) Sy wil 'n bus of taxi dorp toe neem.
   d) “kos en klere” volgens versreël 16

5. a) “krothuisies” (versreël 12); “tweevertrekhuise se skewe deur” (versreël 22) b) Versreëls 17 tot 21 beskryf die kinders se reaksie as die vrou hul roep: hulle is “uitbundig”; hulle omhels mekaar en “jubel”. Versreël 22 tot 23 beskryf haar man wat “geduldig” wag. Dit beklemtoon dat die vrou se kinders vir haar belangrik is. Nou val die klem op wat van die kinders gaan word.

6. a) Versreël 25 met die enkele woord “tuur”.
   b) Dit beklemtoon dat die gesin angstig op die vrou se koms wag, maar dis 'n tevergeefse wag.

7. Hulle is plaaswerkers op 'n druiweplaas (wynplaas). Hulle pluk druiwe in die wingerde.

8. a) Die sonsondergang wat op die einde van die dag dui. Binne konteks dalk 'n simboliese verwysing na die vrou se lewe wat tot 'n einde gekom het.

   b) Sonsopkoms wat 'n nuwe dag inlei. Binne konteks 'n simboliese verwysing dat die lewe aangaan, die gesin sal met hul normale lewe aangaan.

9. a) druiwe pluk; kinders sal nuwe speletjies speel; almal sal weer lag en bly wees
   b) “spoedig”; “weldra”; “ander”; “weer”

10. a) Deel 1: versreëls 1 tot 11 – beskryf die ongelukstoneel
    Deel 2: versreël 12 tot 27 – beskryf die gevolge van die vrou se dood
    Deel 3: versreël 27 tot 39 – dui aan dat die lewe sal aangaan
    Deel 4: versreël 40 – die vraag wat die leser eers laat dink gevolg deur die antwoord in die slotkoeplet

The Tuition Club
Resource printed from: http://www.nb.co.za/product/woonstelbewoner--versjoernaal--bl-----/6426/

b) Familie en vriende sal 'n kruis oprig ter nagedatenis aan die vrou. "'n dogtertjie" word nou 'n simbool van soveel ander kinders wie se ouers in soortgelyke omstandighede dood is. Hierdie kinders word ook nou sonder 'n ouer groot.

11. Beide die gedigte is in die vrye vers geskryf en spreek die smart oor 'n gestorwe persoon aan, dus 'n *elegie*

    Beide gedigte lê die klem op "jou lyf" as aanvangswoorde deur dit met koper en kardoespapier te vergelyk. Ander ooreenkomste sluit in: "grassaad" in versreël 3; die verwysing na die "bloedstroom" en "jou hand" in versreëls 8 10 onderskeidelik. Selfs enkele personifikasies stem ooreen: die beskrywing van sonsopkoms in versreël 27: "die son weer vuurmaak oor die bulte". In teenstelling met "Die gevalle Zoeloe-indoena" waar die kryger se vrou op sy tuiskoms wag, wag daar in "Vrou langs die pad" 'n gesin: haar kinders en man. Beide gedigte het aan die einde 'n vraag wat die digter self in die slotreël(s) beantwoord.

The Tuition Club
Resource printed from: http://www.nb.co.za/product/woonstelbewoner--versjoernaal--bl-----/6426/